83-1643

Proef-huwelik en saamwoon

Ds W C J van Rensburg

1643

Inleiding

In hierdie tyd waarin permissiwiteit aan die orde van die dag is, moet 'n mens seker nie verbaas wees dat die eerbaarheid van die huwelik ook in die gedrang kom nie. In 'n wêreld waarin alles oopgegooi en as geoorloof beskou wil word, word ook die instelling van die huwelik beproef.

Die kerk sal hiermee rekening moet hou in sy bemoeienis met ons jeug. Die kerk is dit aan sy jongmense verskuldig om hulle die regte leiding te gee en daarom kan ons nie anders nie as om in Gods Woord na die antwoorde te gaan soek.

Baie van ons jong seuns en jong dogters wat wel die Godwelgevallige weg gekies het, sal moontlik die beste in staat wees om hulle vriende van die gevare van 'n onverantwoordelike en losbandige lewe te oortuig. Dit is so dat hierdie een van dié redes is waarom baie jeugdiges vervreem het van die kerk, en onverskillig staan teenoor God en sy gebod.

Kom ons kyk na enkele probleme, en luister dan na wat die Woord van die Here sê.

1 Verstedeliking

Die verstedeliking wat wêreldwyd plaasvind, het tot gevolg dat ons jeug ook die rustige en beskermende landelike lewe moes verruil vir die koue, onpersoonlike stadslewe waarin hulle stelselmatig vereensaam. Die grootste probleem is dat baie nou losgelaat is tussen allerlei verkeerde invloede sonder die nodige toerusting, en weg is van die ouerhuis se gesag, dissipline en goeie raad. As die ouers egter hulle huiswerk met woord en daad gedoen het, dan sal dit met enige reggeaarde kind goed gaan. Die Spreukeboek herinner die jongeling gedurig: "Bewaar my seun, die gebod van jou vader en verwerp die onderwysing van jou moeder nie" (Spr 6:20). Spreuke 6 en 7 wys treffend op die verwoesting van die lewe van die ongelowiges in hierdie verband.

2 Ontnugtering

Dit is ongelukkig ook waar dat jongmense juis deur die lewenswyse van baie volwassenes ontnugter word. Hulle sien nie alleen die liefdeloosheid, haat en nyd nie, maar ervaar ook hoe dubbele standaarde en ontrou hand aan hand loop. Die merkwaardige is dan juis dat baie van hulle die huis verlaat en buite die huweliksband en sogenaamde konvensies, "liefde" gaan soek. Gewoonlik beland hulle ook op die glybaan van 'n ontwrigte lewe.

Die apostel Paulus waarsku uitdruklik: "Moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie" (Ef 6:4). Ons kan ook sê: Moenie só optree dat die kinders hulle skaam, of dat hulle geprikkel word tot boosheid, of dat hulle verwar word deur 'n skynheilige koersaanduiding nie.

Die vyfde gebod eis van die ouers om die gevraagde

eerbied waardig te wees én het 'n belofte vir die nageslag: "... sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde" (Ef 6:2).

'n Mens kan maar net hoop dat dié kinders wat in ongelukkige huise grootgeword het, deur die kerk of betroubare vriende bereik sal word, sodat hulle nie dieselfde ongelukkige erfenis aan hulle kinders deurgee nie.

3 Finansies

Daar is jongmense wat hulle saamwonery probeer verdedig. Hulle beweer dat die saamgooi van hulle inkomste 'n hoër lewenstandaard bied, sonder die nadelige invloed van hoër inkomstebelasting wat die huwelik sou meebring.

As dit tog 'n oorweging is, waarom dan nie eerder saam met persone van dieselfde geslag inwoon nie? Soos Van Ruler dit voortreflik stel: As daar waarlik sprake van liefde is, sal die huwelik 'n ordening wees van die chaos van seksualiteit.

As ons menseverhoudinge – en veral nog die huwelik – op 'n materialistiese wyse beoordeel, dan het ons ver afgewyk van die roeping van die mens. Dan sal ons mekaar begin degradeer tot 'n artikel wat verhandel of verruil kan word.

Die ondervinding leer egter dat die huwelikslewe 'n dissipline bring waarin twee mense saam besin en bespaar. Die Spreukedigter besing die voortreflike huweliksmaat: "Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie" (31:10). Maar wat meer is: "Wie 'n vrou gevind het, het iets goed gevind en 'n welgevalle van die Here verkry" (18:22).

4 Proeftydperk

Party jongmense voer aan dat hulle eers 'n proefneming wil maak voordat hulle in die huwelik bevestig word. Vir hulle is die huwelik klaarblyklik nie 'n geloofsaak nie, maar 'n gevolgtrekking op 'n eksperiment wat hulle met mekaar gemaak het.

Dit is merkwaardig dat die meeste van hulle juis ongelukkige huisgesinne tot gevolg het. Hierdie oppervlakkige benadering kan nie die eise van die tyd deurstaan nie. Daar is immers baie meer op die spel as dat dit in die slaapkamer goed sal gaan.

Die sewende gebod: "Jy mag nie egbreek nie" (Eks 20:14 en Deut 5:18), het belangrike konsekwensies. Dit impliseer nie alleen dat 'n mens nie uit die egtelike verbintenis mag uitbreek nie, maar ook dat 'n mens nie van buite mag inbreek nie. Paulus noem die huwelik tereg 'n groot verborgenheid of geheimenis wat hy vergelyk met die verhouding van Christus tot sy gemeente. Voordat 'n mens die voorregte van die huwelik en huishouding mag geniet, het ons die verantwoordelikheid om 'n keuse te maak en 'n belofte af te lê. Ons

moet eers 'n gelofte aan God doen voordat ons mag aansit aan die bruilofsmaal van die Bruidegom, Jesus Christus (Op 19:9).

Paulus pleit gedurigdeur dat die huwelik geheilig moet word. Dit moet uitgesonder word van wêreldse misbruike en gewy word aan mekaar tot eer van God. So is die kerk ook – "sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik" (Ef 5:27). En verder: "Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie" (1 Tess 4:5). Daarom vermaan hy die ongetroudes: "... as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word" (1 Kor 7:9).

Calvyn sê oor bogenoemde dat jongmense veral moet onthou dat die vrese van die Here en sy geestelike krag hulle sal help om die versoeking te weerstaan. 'n Mens dobbel nie met jou eer nie.

5 Populariteit

Die jongmens wil graag deel wees van die populêre stroom. Baie het al voor versoekings geswig, want: "Almal doen dit". Dit is natuurlik 'n ongelukkige en valse veralgemening. Ek weet en glo dat die meeste jongmense dit nog as 'n saak van eer beskou om die hoogtepunt van die liefdespel te bewaar vir die eerste huweliksnag.

Maar is dit geoorloof om sulke argumente aan te voer? Maak die feit dat baie mense moor en steel en bedrieg of dat die wêreld dubbele standaarde toepas, dit reg en navolgenswaardig? As tienduisende die rookgewoonte het, is dit dan 'n moet dat ek ook sal begin?

Blootgestel aan die daaglikse stroom van propaganda in koerante, tydskrifte en films, is dit noodsaaklik dat ons jeug hieroor helderheid sal hê. Daarom moet hulle 'n beginselbesluit neem. Net soos 'n mens jou moet voorneem om nie te lieg, te steel of te moor nie, so moet jy ook en miskien veral op hierdie gebied van die verhoudingslewe weet: Ek mag nie egbreuk of begeer nie. Dit sal nie help om eers in die hitte van die stryd te wonder hoe ek nou moet maak nie. Baie het al voor die versoeking geswig met ongelukkige en hartverskeurende gevolge.

Die Heidelbergse Kategismus vermaan ons om kuis en ingetoë te lewe, of dit in die heilige staat van die huwelik is, of daarbuite. Daarom verbied Gods Woord ook alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei. Paulus stel dit duidelik: "Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?" (1 Kor 6:18). Oor die regte gesind-

heid skryf hy: "Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie" (Ef 5:3). As dit nie tot nadenke stem nie, weet ek darem nie.

6 Vryheid

'n Ander probleem van ons tyd, is die feit dat mense vry wil wees en self wil bepaal wat reg en verkeerd is. Enigiemand wat eerlik wil wees, sal met die groot teoloog Emil Brunner saamstem as hy sê: "Elke staatkundige anargie begin in die anargie van die huwelik. Die staat waarin egbreuk en egskeiding aan die orde van die dag is, is ook ryp vir politieke verval. Met ondeugdelike boustene kan geen soliede huis gebou word nie, uit siek selle kan geen gesonde liggaam groei nie. Is die sosiale grondslag – die huwelik – verrot, dan is die hele volk verrot. Die moderne individualisme, wat van hierdie skeppingsorde geen begrip het nie, is vir elke volksgemeenskap 'n ontbindende gif".

Die volk wat hierdie dinge nie besef nie, beweeg op die glybaan na chaos en anargie. Dit het Rusland dekades gelede reeds geleer. Die Bybelse vryheid roep 'n mens op tot diensbaarheid: "Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n geleentheid om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde" (Gal 5:13 en 1 Pet 2:16).

7 Morele oorwegings

Ondanks allerlei voorbehoedmiddels, is daar nog baie leed en smart. Dink maar aan al die aborsies, pogings tot vrugafdrywing en die hartseer van ongehude moeders. Dink maar aan al die onwelkome kinders, kindermishandeling en ontwrigting – dan word dit duidelik dat baie jongmense nie rekening hou met die gevolge van hulle dade nie.

As 'n mens Matteus 19: 1 en verder goed lees, kom jy tot die besef dat daar mense is wat liggaamlik en geestelik nie bevoeg is om te trou nie en dat hulle daarvoor die nodige behandeling moet ontvang. Dit sou verkeerd wees om te sê: "Hulle móés trou", bloot omdat die vrou swanger is. Die hele saak moet deur die ouers en die kerk in perspektief gesien word – met die grootste verantwoordelikheid.

8 Maagdelikheid

'n Ander belangrike oorweging is die maagdelikheid van die vrou. Hierin, glo ek, word die mens van die dier onderskei. In die Ou Testament kon hierdie oortreding met die dood bestraf word (Deut 22:13-21).

Die Spreukedigter sê die weg van 'n man by 'n maagd is wonderbaar. Die arend in die lug, die slang oor 'n rots, die skip deur die see, laat geen sigbare spoor agter nie. Maar die man by 'n maagd, is 'n moment in albei se lewens wat hulle lewenslank sal bybly (Spr 30:18-20). Die owerspelige vrou het hiervoor geen begrip nie, en sê dan nog: "Ek het

geen sonde gedoen nie".

As die wetsgehoorsame Josef hoor dat sy verloofde, Maria, swanger is, besluit hy om die verbintenis stilweg te verbreek omdat hy haar nie in die openbaar tot skande wou maak nie (Matt 1:19). Ons bely die maagdelikheid van Maria en die verwekking van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees.

9 Geloofskrisis

Dit is ongetwyfeld waar dat mense wat hier dwaal, 'n geloofskrisis belewe. Hierbenewens het baie onder omstandighede grootgeword waar daar nooit met woord en daad korrekte leiding gegee is nie.

Ons jeug mag daaroor geen illusies hê nie. Egbreuk is sonde. Niemand mag by die huwelik inbreek of daar uitbreek nie. Selfs as 'n mens na 'n vrou kyk en haar begeer, was daar reeds egbreuk in die hart (Matt 5:28). As Paulus skrywe oor die begeertes van ons sondige natuur wat in stryd is met die wil van God, dan noem hy onder andere onsedelikheid, onreinheid en losbandigheid, en dan sê hy: "Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie" (Gal 15:21).

Daarom moet ons ook aan die gelowiges die wonder van Gods vergewing deur Jesus Christus verkondig. Dit vereis dat ons moet wegdraai van die sondige bestaan. Die owerspelige vrou is vergewe, maar moes hoor: "... moet van nou af nie meer sonde doen nie" (Joh 8:11). Die vergewing roep ons op: "Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie" (Rom 6:12).

Laat ons die huwelik eer en waardeer as 'n instelling van God wat aanspraak maak op ons beste vermoëns. Laat ons ons huweliksmaats soek en vind in die lig van Gods Woord en mekaar dankbaar aanvaar as 'n gawe uit Gods hand om 'n hulp te wees met die oog op ons tyd en die ewigheid. Dit was van die begin af Gods bedoeling (Gen 2:22 en Matt 19:8).

Dan sal dit met ons gesin en volk en kerk goed gaan.

KITAL

HAUM

Posbus 460, Pretoria